

Nomades voetslaanclub
Roete-terugvoer.
Ezemvelo natuurreservaat.
2015/05/22-24



Erika Barnard, Susann Koen, Norma Grotius; Magda Grobler, Janie Steinmann; Paul Snyman, Christi Bignaut, Jan en Corrie du Preez het die basiskamp/dagstappe gedoen, dus 2 aande by die Impala-lapa geslaap by die hoofkamp. Wouter,



Reneé, Clarice Crous, Dlean van Loggenberg; Isabel Baasen, Wilna Moolman en Marius Stander het Vrydagaand by die Impala lapa geslaap en die Saterdagagaand by die Thekwane stappershut en die rugsakstap (Burkea) gedoen.

Soos almal Vrydagmiddag by die kampaankom na 'n kort en vinnige 85km(van my huis in Pretoria af), en net 20Km vanaf die N4 snelweg, en deur Bronkhosrtspruit verwelkom die Rooibokkies ons by die 'Impala' Lapa. Hulle weet hulle is welkom hier. Die meese mense is betyds voor donker by die Kamp. Een van die 'tent'-paartjies doen egter eers 'n onbeplande 'nagrit' deur die reservaat voordat hulle, hulle by ons aansluit.




Die Impala-lapa bestaan uit 2 slaapkamers, 2 badkamers met storte, elektrisiteit en 'n groot oop 'kuier kamer wat ook gebruik sou kon word as dit reën. 'n Buite kombuis het 'n elektriese stoof, 'n warmwaterketel wat lekker koffie/tee-water voorsien, 'n yskas wat altyd te klein sal wees as Nomades op 'n stap is (die wyn neem maar baie plek ;), en geen potte / kook/eet-gerei nie. Buite is 'n groot oop braaiarea met 'n los braaiër. Genoeg plastiek stoele is ook voorsien vir almal.




Ons het 2 groot vragte hout bestel by Ezemvelo en Vrydagaand het die vure hoog gebrand.

Saterdag oggend loop ons ongeveer 8:00 na die gebruiklike groepsfoto. Drie roetes begin saam op dieselfde punt en stap die eerste sowat 3.7 km saam. Dan draai die kort 4Km blou Ochna dagstappie terug kamp toe (wat so vier van ons somer Vrydag middag gou gestap het).

Groen, die 14Km Protea dagstap en die geel Burkea oornag stap gaan saam aan. Oor die staal-leer-bruggie en die vleitjie. Na nog so 4Km draai die dagstappers terug kamp se kant toe nadat ons saam bietjie ge-eet het. Behalwe die eerste sowat 3Km oor 'n koppie, is die stap redelik plat en oor die grasvlakte. Min bome. Die verklaring is blykbaar 'n baie dun grondlaag op 'n klip-basis. Ons sien heelwat diere. Rooibokkies by die kamp, Blouwildebeeste, Eland, Rooihartbees, Zebra en Waterbok.



Die oornagstappers het 'n kort entjie om hulle 9.5Kmvir die dag te voltooi en ons is net betyds vir middagete by die hut. Die reservaat personeel bring die battery vir die ligte en ons het warm-gas-water in die stort. Die badkamer mure, soos ook die huisies se mure laat lekker wind deur met hulle hout-sportjies. Ook 'n lekker gassilinder en kookring in die kombuis'. Weer genoeg hout vir lekker kuier en braai. Ons speel bord-speletjies, loop rond langs die rivier ('n sytakkie van die Wilger), rus en ontspan net. Môre sal ons nog sowat 10.5km stap wat ons 2-dag stap dan so 20km maak. Die meeste dokumentasie dui aan 23km. Die dagstappers het ietwat langer, maar die terein is maklik.



Die middag terwyl die meeste van ons oornag-stappers rustig op ons bedjies verkeer hoor ons 'n bedrywigheid in die kombuis, 'n pot wat val en 'n lawaai. Bobbejaan se kind het toe my pap in die kombuis ondersoek en toe hy skrik vir die pot wat hy omstamp, somer kortpad deur 'n toe glas-venster uit-ge-kies. Ons is seker ons het hom en sy maats sien wonde lek op die randjie. Hy los toe somer ook my pakkie pakkie pak buite die hut tussen die glas-skerwe.



Ons oornagstappers se Sondag stappe is heelwat meer uitdagend as die Saterdag stap. Lekker op en af in 'n klofie met mooi kranse en langs 'n spruitjie. Dan skuins op-en-op tot op die plato. Bietjie geblaas en 'n versnapperinkie geniet. Oor die vlakke, weer by die alleen-boompie gesit en eet. Op met 'n verrassende aanhoudende opdraandjie, die laaste entjie plato, oor 'n riffie en dan is die kamp in sig. Ongeveer 12:00 by die kamp.



Sondag oggend stap die dagstappers (Paul, Christi, Jan, Corrie, Magda en Janie) die 6Km Penduka dagroete. Die middag stap ek dit ook. As jy vinnig beweeg, en nie die uitkykpunte besoek nie, het die roete my so net onder 2 ure geneem. Die ander het dit lekker rustig geloop soos dit gedoen moet word en oral gestop en die mooi ingeneem. Dit het hulle ongeveer 4 ure geneem. Dit begin by 'n mooi piekniekarea. Oor 'n laagwater bruggie en deur 'n Varingwoud. Dan begin die werklike mooi en besonder. Op met klippe, deur skeure, en af klim in skeure. Geen 'hulp'middels nie. Die merkers is ook nie altyd so gou sigbaar op op die klippe nie, maar as jy lankgenoeg rondkyk sien jy dit wel. Baie mooi uitsigte ook oor die Wilge-rivier. Die laaste sowat 1/3 loop ook ongeveer langs die Wilge terug na die begin. Eindelijk 'n moet om te doen as jy by Ezemvelo stap.



Dan kan jy nie sê dit is net plat nie!. Sommige dokumentasie sê 5Km ander, 6Km. Vanaf die Piekniekterrein en die uitkyklussies uitgesluit het ek dit 5.8Km geloop.

Kontak inligting :

www.ezemvelo.co.za ; 013 680 1399 / 013 680 1399 / 083 308 4000 /

Parkhoof : Maroti Tau 083 655 3638; Ons het bespreek via Anvie ventures.

www.anviventures.co.za; anvie@iburst.co.za; 012 662 1140 / 0856.

(Moet nie verwar met die Natalse Ezemvelo KZN (Kwazulu Natal) wildlife wat die Drakenberg-park bestuur nie.)



Projek Finansies:

Kostes: Verbly : R4500.00
 Hout : R 300.00
 Aanstekers : R 14.49
 Bankkoste : R 25.07 = R4839.56 Totale kostes.
 Inbetalings en krediete: R4870.00; Projek wins: R30.44

Vriendelike stapgroete

Marius Stander.

Epos : MariusStanderPTA@gmail.com

Nomades Voetslaanclub.

Sel : 083 305 6223

www.nomades.co.za

